# KUSWAG KLEUTER AKADEMIE

Kuswag Skool spog met ‘n puik Kleuter Akademie wat bestaan uit ‘n Graad R en Graad RR klas. Alhoewel die Kleuter Akademie deel vorm van die Grondslagfase en inpas by die etos van Kuswag Skool, word daar ‘n unieke ‘leer deur speel’ program gevolg wat spesifiek ontwikkel is vir ons kleuters.

## VISIE

Ons wil ons kleuters se unieke en individuele liefde vir leer en ontwikkeling kweek en koester. Daarmee saam wil ons hulle aanmoedig om nuwe en opwindende dinge aan te pak met die stewige fondament wat ons bied, geskoei op ons skool se Christelike waardes.

## MISSIE

Ons missie is om die voldoende voorbereiding van ons kleuters te verseker om sodoende die laerskool in graad een te betree met die suksesvolle bemeestering van die skoolroetines in die omgewing waarmee hulle met gemak vertroud geraak het by Kuswag Kleuter Akademie.

Kuswag Kleuter Akademie is geregistreer by die nasionale Departement van Onderwys en ingevolge wetgewing daartoe verbind om die bepalings van die voorgeskrewe nasionale kurrikulum (KABV) te handhaaf. Daarvolgens word die drie leerareas soos beskryf vir die Grondslagfase, in ons leerprogramme geïmplementeer:

- Taalvaardigheid (Huistaal) daagliks
- Syfervaardigheid (Wiskunde) daagliks
- Lewensvaardighede (Fisiese, Persoonlike en Sosiale Ontwikkeling) daagliks
- Kodering en Robotika (as bykomende leerarea aangebied deur Kuswag) weekliks

Die inhoud, kennis, vaardighede en waardes van die kurrikulum word deur die jaar aan die kleuters oorgedra aan die hand van bepaalde temas. Omdat hulle speel, leer hulle flink en vrolik sonder om leerwerk as te uitdagend te sien. Ons help vinnig ‘n handjie wat sukkel of ‘n koppie wat dalk net weer rustig moet hoor, voor hy kan doen. Om die geheelontwikkeling van ons kleuters te bewerkstellig word daar daagliks, op ‘n gebalanseerde wyse, verskeie aktiwiteite uit al drie genoemde leerareas (Taalvaardigheid, Syfervaardigheid, Lewensvaardighede, en Kodering en Robotika) aangebied.

## DAGPROGRAM

Met informele aanbieding van die dagprogram ontwikkel die kleuter skoolgereedheid op die volgende gebiede:

- Sosiaal
- Groot-motories
- Fyn-motories
- Taal
- Wiskundig
- Perseptueel
- Kognitief
- Emosioneel

Kleuters sal as deel van hulle dagprogram addisioneel tot die leerplan, 1 keer per week rekenaargeletterdheids-, kodering- en Robotika onderrig ontvang.
Ons program word daagliks gemonitor deur waarneming en assessering asook gereelde vorderingsverslae aan ouers.
Probleemareas word dadelik verwys na opvoedkundige dienste, byvoorbeeld spraak- en arbeidsterapeute.
Kleuters kry ook daagliks geleentheid om aan gespesialiseerde aktiwiteite deel te neem, onder andere, FunX Kids, Dans en Pottebakkery. Alle fooie vir buitemuurse aktiwiteite is direk aan die diensverskaffer betaalbaar. Die skool sal geen fooie vir bg. aktiwiteite in ontvangs neem nie.
Kuswag Kleuter Akademie werk nou saam met Kuswag Skool en veral saam met die Grondslagfase personeel. Daar sal per geleentheid ingeskakel word by aktiwiteite wat aangebied word by Kuswag Junior Primêr asook by Kuswag Skool, bv. konserte, pretdae, saalbyeenkomste, kaskardag, atletiek, ens.

## GESONDHEID

1. Die Kleuter Akademie MOET in kennis gestel word sou u kind 'n aansteeklike siekte onder lede hê. U kleuter moet dan tuis gehou word totdat 'n mediese sertifikaat as bewys ingedien word dat u kleuter nie meer aansteeklik is nie.

## MEDIKASIE

1. Dit is Kuswag Kleuter Akademie se beleid dat GEEN medikasie aan 'n kleuter toegedien sal word nie. Hierdie beleid is geskoei op die Nasionale Skolewet van Suid-Afrika. GEEN medikasie mag dus in 'n kleuter se tas gepak word, in 'n kleuter se kosblik gepak word of by 'n kleuter se water of sap gevoeg word nie; dit sluit ook Vitamienes in.

## SIEKTE

1. Ons behou die reg voor om toegang te weier indien 'n kleuter siek by Kuswag Kleuter Akademie afgelaai word, volgens die Nasionale Gesondheidswet, 2003 (Wet No. 61 van 2003).
2. Kleuters moet by die huis gehou word tot hul gesond is. Indien 'n kleuter siek word by die skool en 'n koors van 38 of meer betoon sal ouers geskakel word om die kleuter so gou moontlik te kom haal.
3. Sou 'n kleuter enige spesiale dieët volg agv 'n allergie of mediese redes moet dit skriftelik aan die kleuter se juffrou gemeld word. Ouers sal onmiddelik in kennis gestel word van enige uitbreek van ansteeklike/ oordraagbare siektes.

## ONGELUKKE/INSIDENTE

1. Alle ongelukke en insidente hoe gering ook al word opgeteken in 'n Voorvalle/Insidente boek en die ouers word ook ingelig deur die betrokke personeel.
2. Sou 'n kleuter met 'n besering by die skool arriveer (wat tuis plaasgevind het), moet dit onder die personeel van Kuswag Kleuter Akademie se aandag gebring word.

## KOPLUISE

1. GEEN kleuter met kopluise sal toegelaat word by die skool nie. Sou 'n kleuter kopluise hê, word ouers onmiddelik geskakel om die kleuter te kom haal en die kleuter se kop te behandel.

2. Die kleuter mag alleenlik terugkeer skool toe wanneer daar ‘n mediese sertifikaat getoon word as bewys dat daar geen meer luise of nete op die kleuter se kop is nie.

## HIGIëNE

1. Skoonmaak personeel is aangestel om die bestuur van die higiëne van Kuswag Kleuter Akademie uit te oefen.
2. Daar is voldoende toilette en wasbakkies vir die aantal kleuters soos per statutêre vereiste.
3. Plastiek matrasoortreksels word gereeld afgevee.
4. Matte word elke dag gestofsuig. Tafels en stoele word gereeld afgevee voor en na etenstye.

## KOMMUNIKASIE BELEID

1. Kuswag Kleuter Akademie het ‘n oop deur kommunikasie beleid.
2. Dit is egter beter om ‘n afspraak te maak (slegs binne skoolure 07:00 – 13:00) indien ‘n ouer enige aangeleentheid met die kleuter se juffrou wil bespreek rakende die kleuter se vordering, of enige besorgdheid.
3. Ouers moet asb ten alle tye verseker wees dat alle kommunikasie met die nodige vertroulikheid hanteer sal word.
4. Elke kleuter het ‘n boodskap koevert/boekie waarin algemene inligting en skool korrespondensie geplaas word. Hierdie koeverte/boekies word elke dag huistoe gestuur en kleuters moet ook elke dag hul koeverte/boekies terug besorg by die skool.
5. ‘n WhatsApp-groepstelsel is ook in plek om inligting aan ouers deur te gee. Boodskappe sal slegs tussen 12:15 en 17:00 aandag geniet. Respekteer asb die personeel se privaattyd. Let wel: Volgens die POPIA Wet, mag geen ouer ‘n ander ouer se persoonlike inligting aan ‘n derde person verskaf nie.
6. Kuswag Kleuter Akademie val onder die Grondslagfase van Kuswag Skool. Die departementshoof is Me. A. McLeod. Kontakbesonderhede vir enige navrae: amcleod68@gmail.com Kontaknommer: 031 903 5434.

## KOSBLIKKE

1. Halfdag kleuters moet asb een kosblik inpak skool toe. Voldag kleuters moet twee APARTE kosblikke inpak, een vir oggend happie tyd en die ander kosblik vir middag happie tyd.
2. Gesonde kosblikke word aangemoedig, dus is GEEN lekkers, gaskoeldrank of energie drankies toelaatbaar nie. Slegs Vrydae kan daar vir kleuters ‘n lekkertjie saam met hul gesonde kosblik ingepak word. Toelaatbare kossies sluit in: toebroodjies, Provita’s, soutbeskuitjies, jogurt, vrugte (moet geskil wees), biltong, kaas, groentestokkies, neute of gedroogte vrugte.
3. Alle kosblikke en koeldrank bottels moet asb duidelik gemerk word.

## SNOEPIE

1. Snoepie is slegs op Woensdae. Leerders bring nie meer as R5 skool toe nie. Hulle sal toegelaat word om in broodjietyd snoepie te koop.

## SKOOLTASSE EN KLERE BELEID

1. Elke leerder mag slegs 'n Kuswag skooltas gebruik (ingesluit by skoolfonds). Elke kleuter moet permanent 'n stel duidelik gemerkte, skoon klere in hul tasse hê. Personeel van Kuswag Kleuter Akademie aanvaar geen verantwoordelik indien u kleuter se klere/skryfbehoeftes/kosblikke/koeldrank bottels en tasse sou weg raak as dit nie duidelik gemerk is nie.
2. Trek asseblief vir u kind gemaklike, gepaste 'speel' klere aan waarin hulle lekker kan speel maar wat ook kan vuil word. Leer deur speel is ons doelwit.
3. Kleuters kan op Woensdae en Vrydae hul klas hempies aantrek. Klas hempies kan by Toti Tailor aangekoop word.
4. Gedurende die winter maande is dit opsioneel vir kleuters om die Kuswag Skool Junior-Primêre skool sweetpak aan te trek.
5. Kleuters moet verkieslik kaalvoet skool toe kom in die somer.
6. Ons kleuters se veiligheid is van kardinale belang dus word die dra van serpe, juwele en gordels nie toegelaat nie aangesien dit baie maklik aan die klimrame en toerusting kan vashaak, en u kind dus kan seerkry.
7. Kleuters word verbied om speelgoed, selfone, wapens en kougom skool toe te bring. Sou u kleuter enige speelgoed, selfone of enige elektroniese toestel skool toe bring aanvaar Kuswag Kleuter Akademie geen verantwoordelikheid vir enige verlies of skade nie.

## VORDERINGSVERSLAE

1. Deurlopende assessering vind plaas tydens klastyd sowel as tydens buite speeltyd.
2. Gr R kleuters ontvang elke kwartaal 'n Vorderingsverslag.
3. Gr RR kleuters ontvang slegs aan die einde van kwartaal 2 en 4 Vorderingsverslae.

## SLAAPTYD BELEID

1. Slaaptyd is vanaf 12:45 tot 14:00; daar word matrasse met plastiek oortreksels hiervoor voorsien. Indien u kind nie wil slaap moet hulle net rustig lê en rus.
2. Matrasse word gereeld skoongemaak en afgevee.
3. Kleuters mag hul eie kussing en kombers bring vir slaaptyd. Hierdie beddegoed word veilig gestoor. Vrydae moet alle kleuters hul beddegoed huistoe neem om gewas te word.

## VERJAARSDAE

1. Verjaarsdae is 'n groot mylpaal by Kuswag Kleuter Akademie! 'n Verjaarsdagkring word in die kleuters se klas aangebied. Kleuters kan kolwyntjies en/of partytjiepakkies saam bring vir hul klas. Partytjiepakkies is opsioneel.

## AFLAAI EN OPLAAI BELEID

1. Kuswag Kleuter Akademie val onder die reëls en regulasies van die Departement van Basiese Onderwys en die skoolkwartale en vakansiedae stem ooreen met dié van die KwaZulu-Natalse Departement van Onderwys.
2. Kleuters word slegs vanaf 07:00 ontvang om die ouers wat vroeg werk te akkommodeer. Kleuters wat voor 07:00 afgelaai word moet asb na die Media sentrum geneem word waar Mev Grobler oor hul toesig hou tot 07:00.

3. Die skool begin om 07:30 en eindig Maandae-Donderdae om 12:15 en Vrydae om 12:00 vir alle kleuters. Kleuters moet deur die ouer/s by die klas aan die personeellid aan diens oorhandig word.
4. Nasorg is beskikbaar vanaf 12:15 tot 17:00.
5. Vakansiesorg vanaf 07:00 - 17:00 is ingesluit by die voldag-fooie.
6. Ouers word vriendelik versoek om die oggend groet proses kort en kragtig te hou om dit sodoende vir die kleuters asook die res van die klas te vergemaklik. Moet asb nie langer vertoef nie.
7. Die op- en aflaai van kinders vereis dat u buite die skoolgronde parkeer en saam met u kind tot by die klaskamer sal stap. Geen kleuter sal na skool sonder toesig hek toe gestuur word nie.
8. Sou u of enige ander persoon anders as u self of u kleuter se ouer boetie of sussie wat ‘n Kuswag Skool leeder is u kind afhaal, MOET die kleuter se juffrou in kennis gestel word. ‘n Foto van die betrokke persoon asook ‘n foto van hul ID kaart/dokument moet via WhatsApp aan die kleuter se juffrou gestuur word. GEEN kleuter sal huistoe gestuur word indien hierdie prosedure nie gevolg word nie!
9. Ouers word vriendelik versoek om asseblief veral die afhaaltyd van 12:00/12:15 te repekteer en nie die klas voor dan binne te gaan nie aangesien vaslegging en ons uiters gewilde Storietyd dan plaasvind.
10. Let asb ook daarop dat kleuters wat na 12:30 opgelaai word, nasorg toe geneem sal word omdat daar nie toesig in die klasse sal wees nie agv van juffrouens se buitemuurse verpligtinge. Daar sal dan ‘n fooi van R50 betaalbaar wees indien u kind nasorg toe moet gaan.

## VERGADERINGS EN OUERAANDE

1. Ons versoek dat ouers betrokke sal raak en funksies en vergaderings sover as moontlik sal bywoon. Daar sal geleenthede wees waar ons kleuters ook by die aktiwiteite van die skool sal inskakel en u ondersteuning waardeer sal word.

## UITSTAPPIES, INSTAPPIES EN VERTONINGS

1. Tema-gerigte uitstappies, instappies en vertonings word deur die loop van die jaar gereël. Daar word deur die verskaffers ‘n fooi gevra, maar die fooi verbonde aan hierdie aktiwiteite is reeds by die skoolfonds ingesluit. Op hierdie dae moet kleuters hulle Kuswag Kleuter Akademie hempies dra.

## FOTO’S

1. Alle foto’s wat geneem word sal op die WhatsApp groep en op die skool se amptelike sosiale media blaaie geplaas word.

## AFSLUITING

By Kuswag Kleuter Akademie is u kleuter se welstand vir ons baie belangrik.
Kleuters moet tuis voel hier by ons. Ons is bevoorreg om u kleuter in ons sorg te neem en wil u verseker van hoë gehalte, toegewyde onderwys.

Teken asb die onderstaande en handig by u kleuter se klasonderwyseres in:

Hiermee neem ons ________________________________________________________,

ouers/voogde van _________________________________________________________

in graad _____ kennis van die beleide en regulasies soos hierbo uiteen gesit.

______________________________ ______________________________

Handtekening van ouer/voog 1 Handtekening van ouer/voog 2

Klik asseblief op die skakel POPIA om die onderstaande toestemmingsbrief af te laai. Teken en handig in by die klasonderwyser.

---

KUSWAG KLEUTER AKADEMIE

POPIA (PROTECTION OF PERSONAL INFORMATION ACT) EN SOSIALE MEDIA TOESTEMMING

1. Om van tyd tot tyd en met spesiale geleenthede foto's van u kleuters op Kuswag Skool se sosiale media en/of op klasgroepe se sosiale media te deel.

2. Om u naam en selfoonnommer op toepaslike WhatsApp groepe te plaas wat slegs vir opvoedkundige doeleindes gebruik sal word, waar die bogenoemde besonderhede aan lede van die groep sigbaar mag wees.

Ek/Ons, ________________________________________ (1) _____________________________________ (2)

Ouer/s of Voog/de van ______________________________________________________ in Graad R gee

hiermee toestemming dat :

1. Foto's van my/ons kind op Sosiale Media geplaas mag word. Ja ☐ Nee ☐

2. My/ons naam en selfoonnommer/eposadres gebruik mag word om my/ons op die toepaslike Sosiale Media by te voeg. Ja ☐ Nee ☐

________________________________________ ________________________________________

Handtekening van ouer/ voog 1 Handtekening van ouer/ voog 2